Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 12 / no. 2
Februarie 2003

DIE GKSA SINODE

Die 2003 sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal onthou word as die sinode wat die vrou tot die diakenamp toegelaat het. Die besluit was hoofnuus op die voorblad van Afrikaanse koerante. In die oë van die moderne Afrikaanse gemeenskap het die Doppers – wat altyd nog ’n bietjie agter was – darem nou meer ‘by die tyd’ geraak. Inderdaad, dit is ’n feit dat die kerklike situasie deur hierdie besluit ingrypend verander het.

’n Belangrike vraag is op watter gronde hierdie besluit geneem is en hoe hierdie besluit geïnterpreteer moet word. Wat sê dit oor die teologiese koers van die GKSA? Is die kerk besig om liberaal te word, of is dit alles nog binne gereformeerde perke? In teorie het ons nie ’n probleem daarmee dat susters die diakenamp beklee nie. Daar is genoeg aanwysings in die Skrif dat susters by diakonale werk betrokke kan wees, en selfs behoort te wees. As dit so gereël kan word dat susters by diakonale werk betrokke is sonder dat hulle saam met die ouderlinge oor die gemeente regeer, is daar nie ’n probleem nie.

Dit is egter betekenisvol dat die sinode opdrag gegee het dat daar verdere studie gedoen moet word na die vraag of die susters ook in die ampte van ouderling en predikant mag dien, terwyl vorige sinodes dit uitdruklik op grond van die Skrif afgewys het. Dit het ook duidelik geword dat daar in die GKSA ’n groep teoloë is wat dit op hulle geneem het om hierdie saak enduit te dryf. Tensy daar ’n duidelike terugkeer na die getuienis van die Skrif is, teenoor die moderne tydgees, kan ’n mens verwag dat die GKSA binne die eersvolgende tien jaar ook die ampte van ouderling en predikant vir die vrou sal oopstel.

Die besluit van die GKSA-sinode het ernstige gevolge. In die eerste plek sal dit groot onrus veroorsaak in eie geledere. ’n Mens voel jammer vir al die GKSA-voorgangers en -lidmate wat ongelukkig voel oor die besluit en wat nou moet besin oor wat hulle te doen staan. Besware sal volgens die kerklike weg aan die orde gestel moet word. Daar sal spanning wees in kerklike vergaderings. Daar sal verdere verwydering wees tussen die behoudende en die meer liberale kamp binne die GKSA. Dit kan uitloop op ’n uittog van lidmate uit die GKSA, soos wat redelik onlangs nog in die Christian Reformed Churches in Amerika gebeur het.

Die besluit van die sinode sal ook gevolge hê vir die ekumeniese kontakte van die GKSA. Die GKSA het die afgelope jare bande probeer smee met sowel die behoudende gereformeerde kerke (wat saamkom in die ICRC) en die meer liberale tipe gereformeerdes (bv. die CRC in Amerika). Daar moes natuurlik een of ander tyd ’n keuse kom, en dit lyk asof die keuse nou gemaak is.

Vir die Vrye Gereformeerde Kerke beteken dit dat die perspektief van eenheid met die GKSA nou vervaag. Ons betreur dit aangesien ons met baie broeders in die GKSA hartlik verbonde voel. Die VGKSA sal moet herbesin oor sy posisie ten opsigte van die GKSA en haar lidmate. Die uitdaging sal wees om, sonder om in te meng in die GKSA se interne sake, tog positiewe ondersteuning te bied.

AJdV

In Hierdie Uitgawe

Tema: God is in beheer

- **Tog Vader 2**
- **God se voorsienigheid 4**
- **God, waarom lyk die wêreld so? 6**
- Kerknuus 3
- Onderhoud met dr. EA de Boer 8
- Reaksie 11
- Ek stap in Molenstr, Potchefstroom 12
- Burundi 14

TOG VADER, MY VADER

Ds. J van der Linden

TEMA: GOD IS IN BEHEER

"U is my geliefde Seun…" (Luk 3:21)
"…Adam, die seun van God" (Luk 3:38)
"As u die Seun van God is…" (Luk 4:3, 9)

Waarom…?
Waarom moet ek so in eensaamheid leef? Waarom moet ek met hierdie blywende siekte worstel? Waarom het die Here hierdie geliefde van my so vroeg tot Hom geneem? Waarom het die Here hierdie weg vir my lewe gekies?

Deur die eeue het gelowiges met hierdie tipe vrae geworstel. En nie een van ons spring dit vry nie. Want daar is baie dinge in ons lewe wat ons nie kan verstaan nie. Dinge wat in ons oë lyk asof God totaal verkeerd opgetree het.

Juis omdat ons dit nie altyd kan verstaan nie, begin ons twyfel aan God se voorsienigheid. En dit beteken: Twyfel aan God se Vaderskap! Die kern van alle twyfel oor God se weg met my lewe, kom neer op twyfel aan God se Vaderskap.

DIE VADER WYS MY OP CHRISTUS

Wanneer ons eers so begin vrae vra oor God se weg met my lewe, dan kom ons baie keer by 'n doodloopstraat. Want ons kry geen direkte antwoorde nie. God laat Hom nie deur ons tot verantwoording roep nie.

Dit beteken dikwels ook dat ons nie tot ruste kom nie. Dit bly 'n stryd om hierdie weg van God te aanvaar. Die Vadernaam kom nog baie onseker oor my lippe.

Daarom dat Vader ons elke keer weer wys op Christus. In my vrae en twyfel moet ek juis nie besig wees met myself, en probeer om dinge vir myself logies agtermekaar te kry nie. Ek staan ook nie voor 'n "onbekende" God nie. Ek mag my Vader deur Christus leer ken (Joh 14:7). Dit is my Verlosser wat my Vader aan my kom openbaar het.

My Vader het self Christus gestuur sodat ek nie sou twyfel aan dit wat sy hand oor my lewe bring nie. Hyself leer my om op Christus te let, sodat ek weer rus kan vind in die lewe wat Hy aan my gee.

In hierdie artikel wil ons veral op Christus let vanuit Luk. 3:21-4:13. Dit handel eers oor Jesus se doop, daarna kry ons 'n geslagsregister en laastens die versoeking in die woestyn.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Haakbergseweg 47
7161 BG Neede
Sel. 653 591 960

Administrasie: Mev. H Groenwold
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 335-2761

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos • 30

SEUN VAN GOD – SEUN VAN ADAM

Jesus is ook gedoop, soos baie ander mense. Nie as teken dat sy sondes daarmee afgewas word nie, maar as teken dat Hy die sondes op Hom neem. Sy doop is die teken dat Hy ondergedompel word in die toorn van sy Vader. Dit is die weg wat Christus vrywillig op Hom kom neem om sy kinders te red van Vader se toorn.

Dit is nou juis nadat die Here Jesus gewys het dat Hy hierdie weg van sy Vader gehoorsaam wil volg, dat die Vader uit die hemel geroep het: U is my geliefde Seun. Die Vader self bevestig aan Christus en aan ons dat dit sy weg met sy Seun is: Die weg waarin die Seun die toorn uit sy Vaderhand moet aanvaar, sodat ons voortaan verseker mag wees van die liefde uit sy Vaderhand.

Christus kom volg hierdie weg ook as mens vir mense. Doelbewus word ons aandag gevra vir die geslagsregister: Hy is Seun van Adam. Hy kom staan op die sondige, twyfelende, angstige weg van die mens. Let maar op die name in hierdie geslagsregister.

Abraham twyfel of Vader hom sal beskerm in 'n vreemde land en noem sy vrou sy suster (Gen. 12:11 ev). Jakob neem sy lot in eie hande en bedrieg sy vader, omdat Hy nie vertrou dat Vader alles sal lei soos Hy belowe het nie (Gen. 27). Dawid was nie tevrede met wat Vader gegee het nie, en neem die vrou van 'n ander (2 Sam. 11).

Twyfel in God se Vaderskap. Dit was die weg wat in die paradys begin het toe Adam en Eva die goedheid van God betwyfel het, en die Satan as vader gekies het (Joh. 8:44).

As egte Seun van Vader en as egte Seun van Adam word Christus dan die woestyn ingelei, om versoek te word deur die Satan. Net soos Adam in die paradys. En net soos met (die eerste) Adam, is by hierdie versoeking van

die tweede Adam (Christus – 1 Kor. 15:45) weer die Vaderskap van God oor sy kinders in die geding.

DIE VERSOEKING

Die versoeking wat die tweede Adam moet weerstaan, is oneindig swaarder as die van Adam in die paradys.

Toe die Satan na Christus kom en sê dat Hy klippe in brode moet verander, was Hy reeds 40 dae sonder kos. As mens was Hy al honger tot die dood toe. Hy het geen paradys vol vrugte gehad waarvan Hy net van een boom nie mag geëet het nie. Hy het geen paradys vol vrugte gehad waarin Hy die goedheid en versorging van Vader elke dag duidelik kon sien nie.

Nee, Hy moes vertrou dat Vader sal sorg. Ook al het Vader vir 40 dae geen kos aan Hom gegee nie, moes Hy steeds vertrou dat sy weg die beste vir Hom is.

Die Satan versoek die Here Jesus ook op die taak wat Hy as tweede Adam moet kom doen. Die Satan het geweet dat dit 'n uiters swaar weg is om te gaan.

Hierdie tweede Adam moes nie 'n lewe van gehoorsaam gaan voor God se vriendelike aangesig soos Adam in die paradys nie. In sy lewe van gehoorsaamheid moes Hy ondergaan in Vader se toorn. Hy moes hierdie sware weg van lyding alleen gaan. Self die kruis dra as Seun van Vader en as Seun van Adam. En tog verlate van Vader en van Adam (die mense). Onder die toorn van Vader en van Adam (die mense).

TOG VADER

Die Satan kom baie venynig na die Here Jesus toe. Hy kom tref presies daar waar dit vir die tweede Adam baie gevoelig is. Want Hy versoek die Here Jesus met die woorde: "*As u die Seun van God is…*"

As u dan die Seun van God is, magtig soos Godself is, waarom…? Waarom moet u so honger ly? Waarom moet u dan hierdie dwase weg van 'n dienskneg volg om slawe weer kinders van Vader te maak? U kan u lot mos maklik verander? Neem net u lot in eie hande, verander dinge self, dan hoef u lewe ook nie so vol moeite en lyding te wees nie! Dieselfde versoeking as Adam in die paradys: Gryp net self in, verander jou lewe en lot self, want dit wat Vader jou gegee het, is nie goed genoeg nie.

As u dan die Seun van God is, as u dan werklik 'n Vader in die hemel het, waarom…? Waarom laat Hy u dan so honger ly? Gee Hy dan niks om oor hoe u voel nie? Weet Hy dan nie wat u deurmaak nie? Gee Hy dan nie daarvoor om dat u in sy toorn moet ondergedompel word nie? Is dit nou die liefdevolle Vader waaraan u vashou, Een wat u 'n dienskneg laat word en so laat ly? As Hy dan so liefdevol versorg, waarom gryp Hy dan nie in om u lot te verander nie?

Soos in die paradys kom die Satan weer met dieselfde versoeking: Twyfel in die Vaderskap van God. Twyfel in dit wat Vader oor ons lewe beskik.

Maar anders as Adam hou Christus vas aan Vader se weg. Tog Vader se weg. Ook al lyk die alternatief so gerieflik, so waar, so goed. Christus gaan geen kortpad nie. Want die lang pad is altyd die kortste pad as dit gehoorsaamheid en vertroue in Vader beteken. Christus neem nie dinge in eie hande of twyfel aan Vader se wysheid nie.

Tog vashou aan Vader. Want daar staan geskrywe! Vader het gesê. Vader het belowe, en dit onuitwisbaar op Skrif gestel: So is dit, en so sal dit altyd wees.

MY VADER

Christus hou vas aan Vader se woord. En juis daarom kan Hy ook die Satan wegjaag. Juis so kan Hy die twyfel in God se Vaderskap vernietig. Dit wat Adam in die paradys moes doen, dit kom doen die tweede Adam nou in ons plek. Sodat alle rede tot twyfel finaal vernietig kan word. Sodat daar geen houvas vir die Satan meer in ons lewe is nie. Alleen nog die houvas van Vader.

Christus het die paradys weer terug verkry vir God se kinders. In die verbondenheid aan hierdie tweede Adam mag ons nou ook alreeds die hoofsaak van die paradys ontvang: Die lewe saam met 'n liefdevolle Vader.

In u twyfel en moeite oor God se weg in u lewe, moet u sien wat Christus in u plek kom doen het. En hoe Hy die swaar weg van Vader se toorn op Hom geneem het. Deur die geloof in Hom kom daar geen verkeerde of slegte weg meer vir u uit Vader se hand nie. Dit is waarvoor Hy waarborg staan!

Daarom mag ons Hom ook navolg deur in ons lyding en in ons vrae te sê: Daar staan geskrywe! Vader het belowe. En my Verlosser het dit bekragtig met sy bloed. Daarom staan dit vas: Tog vader, *my* Vader. ¤

VGK KERKNUUS

Mamelodi – Op 12 Januarie 2003 is proponent T.K. (Tebogo) Mogale bevestig as predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk in Mamelodi wat onlangs as 'n selfstandige gemeente geïnstitueer is. Die feestelike diens is ook bygewoon deur afgevaardigdes van Pretoria, Johannesburg, Soshanguve en die susterkerke in Nederland. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die VGKSA dat 'n swart predikant in die amp bevestig word.

Soshanguve / Pretoria – Sendeling ds. D.M. Boersma het op 19 Januarie 2003 afskeid geneem van die sendinggemeente in Soshanguve-Suid en op 26 Januarie 2003 van die sendende kerk Pretoria-Maranata. Ds. Boersma hoop om begin Februarie na die VSA te vertrek. Op 16 Februarie sal hy DV intrede doen in sy nuwe gemeente, die American Reformed Church of Denver (Colorado).

GOD SE VOORSIENIGHEID

Ds. C. Kleijn

TEMA: GOD IS IN BEHEER

Die belydenis van God se voorsienigheid is vir God se kinders 'n pragtige, troosvolle belydenis. God onderhou en regeer alles en almal sodat alle dinge ons nie per toeval nie, maar uit sy vaderhand toekom. Ons is in Vader se hande. Hierdie belydenis roep ook baie vrae en stryd op. Kom al die verskriklike dinge waarvan ons daagliks in die koerante lees en wat ons op die TV sien (soos kapings, moorde, verkragtings, armoede, Vigs) uit God se hand?

GOD IS IN BEHEER

Die Bybel laat geen twyfel daaroor bestaan dat God die Almagtige is nie. Die HERE stel Homself aan Abraham en aan Johannes op Patmos voor as die Almagtige (Gen. 17:1; Openb. 1:8). God laat weet: Ek het nie net meer mag as alle ander magte nie, maar Ek het alle mag. Alles en almal is van My afhanklik.

Maghebbers hier op aarde het geen mag buite God nie, ook nie Saddam Hoesein of Mugabe nie. God se almag is ruimteskeppend van aard. God gee die mens – ook die slegtes – die ruimte, die tyd en die krag om te handel. Daarby maak God wel erns met die eie verantwoordelikheid van die mens. Dis egter geen teken van weerloosheid nie. Want wanneer God ruimte skep, dan is dit 'n bewuste aktiewe uitoefening van sy mag. Dis 'n bewys van sy oormag. Sonder Hom kan hulle niks doen nie. Hulle kan nie meer doen as wat Hy vir hulle moontlik maak nie. So kan ook die kwaad nie langer duur en swaarder wees as wat Hy bepaal nie.

Maar kan ek dit ook volhou wanneer alles verkeerd gaan? Kan ek sê: die armoede, die siekte, die aanranding, die kaping, die moord is uit God se hand? Hier kan ons nie anders nie as om eerbiedig en ootmoedig te luister na wat God self ons daaroor sê. Hoor Job bely, wanneer alles, sy kinders en besit, hom ontneem word: Die Here het gegee, en die Here het geneem: die Naam van die Here sy geloofd! (Job 1:21). Job bely dus: ook dit is uit God se hand.

Josef het baie swaar gekry in Egipte. Ver van sy ouerhuis vandaan. Verkoop deur sy broers. Daarna nog jare lank in die tronk omdat hy gekies het teen die sonde waartoe Potifar se vrou hom probeer verlei het. Josef het dus baie gely en dit deur sy broers. Maar wat sê Josef later vir sy broers? "Julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om 'n groot volk in die lewe te hou" Gen. 50:20. Ja, nog sterker: "Julle het my dan nou nie hierheen gestuur nie, maar God" (Gen. 45:8). Josef vertel ons as God se profeet: die broers het wel terdeë skuld, maar God het die leiding gehad.

Die Skrif laat geen enkele twyfel daaroor bestaan nie: God se hand is in die lyding wat God se kinders soms so skrynend oorkom. Om 'n teks uit die Nuwe Testament te noem: "Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd" (1 Pet. 5:6). Hier praat Petrus oor die lyding en vervolging van die gelowiges. Ook wanneer mense my kwaad aandoen vanweë my geloof moet ek my verneder onder die kragtige hand van God.

God se hand is ook in die lyding van die wêreld, in die oorloë en rampe. Die profeet Jesaja profeteer byvoorbeeld van die magtige en heerssugtige Assur. Hulle plunder, vertrap en roei allerlei volke uit. Wat 'n lewensverwoesting! Wat 'n leed word mense aangedoen. Wat 'n skuld laai hulle op hulleself. Maar wat sê die Here van Assur? Die Here noem Assur die roede van sy toorn en 'n stok van sy grimmigheid (Jes. 10:5). Ons lees in Amos 3:6: "Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk nie?" Sien ook Jes. 45:7.

Dit sal duidelik wees dat God werklik alles in sy hand het, ook die verskriklike lyding. Aan die hand daarvan kan en moet ek sê: Ook die armoede, siekte en ellende in Suidelike Afrika is in God se hand. God is daarby geen weerlose toeskouer nie, maar die Almagtige wat in beheer is.

DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN SATAN EN SONDIGE MENSE

Hoe ons hier God se hand en die menslike verantwoordelikheid aan mekaar moet verbind is vir ons nie heeltemal deursigtig nie. God se regering en die skuld van die mens bly in hul eenheid vir ons 'n misterie. Ooreenkomstig art 13 van die NGB moet ons altyd met twee woorde spreek: God het sy hand in alle lyding en nie Hy nie, maar die duiwel en ons sondige mense is die skuld van die lyding. Satan en goddelose mense gaan te kere, veroorsaak baie ellende, maar die laaste woord is nie aan Satan of die goddeloses nie. God het die laaste woord. Alles gebeur uiteindelik volgens God se raad. Wanneer Paulus praat oor sy doring in die vlees dan noem hy dit 'n engel van Satan wat hom met die vuis slaan. Tog bely Hy dat die Here dit vir hom beskik sodat hy hom nie sou verhef nie.

Ursinus het die Heidelbergse Kategismus opgestel in 'n tyd van baie lyding. Geloofsgenote is op die brandstapel of aan die galg gedood. Vroue en dogters is verkrag. Stede is uitgemoor. Tog bely hy dat alles ons uit God se vaderhand toekom. Bedoel hy daarmee dat God dan in die letterlike sin van die woord die bewerker van alle kwaad is? In sy verklaring onderskei Ursinus tussen die kwaad wat God bewerk en die kwaad wat Hy toelaat. Die laaste is die kwaad wat die duiwels en goddeloses stig, die sonde. God doen dit nie self nie. Maar Hy laat toe dat dit deur duiwels en verkeerde mense geskied, d.w.s.

Hy belet hulle nie, al sou Hy dit kon gedoen het. Deur so te onderskei wys Ursinus hoe ook hy geworstel het om uitdrukking te gee aan wat die Skrif oor God se voorsienigheid sê.

Ook al verstaan ons baie dinge nie, die Skrif maak duidelik dat ons nie aan toeval oorgelewer is nie. Om te sê dat alles wat ons oorkom, per toeval ons oorkom is volkome troosteloos en onskriftuurlik. Daarom bely ons na die Skrifte: God het alles in sy hand. Alles kom ons nie per toeval toe nie, maar uit God se vaderhand. God is in beheer. Alle skepsels is so in sy hand dat hulle hul sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie.

LYDING AS STRAF?

Waarom loop baie mense vas met die lyding in hierdie wêreld? Dikwels omdat hulle die erns van die sonde en van God se toorn nie wil aanvaar nie. Na die sondeval praat God dadelik van moeite en smart, ja dat die mens tot stof sal terugkeer. Die hele skepping is aan die nietigheid onderworpe omdat God haar daaraan onderwerp het (Rom. 8:20). Deur ons sondes het ons onsself en die skepping in die ongeluk gestort. Elkeen van ons het die hel verdien. Daarom sou God niemand onreg aandoen as Hy swaar lyding vir hom sou beskik nie. In die algemene sin kan ons van elke lyding sê: dis verdien. Sonder sonde sou daar nooit lyding gewees het nie.

Die beteken nie dat ons 'n direkte verband kan lê tussen elke lyding en 'n spesifieke persoonlike sonde nie. Dit was die fout van Job se drie vriende. Hulle wou sy swaar lyding verklaar vanuit 'n spesifieke sonde. Wanneer een persoon meer as 'n ander persoon ly, dan beteken dit nie dat die persoon meer as die ander skuldig sou wees nie. Jesus noem in Lukas 13:1-5 as voorbeeld die Galileërs wat op 'n wrede manier deur Pilatus gedood is en die agtien persone op wie die toring van Siloam geval het. Christus ontken nadruklik dat hulle groter sondaars as die ander mense was.

Die apostel Paulus open ons oë vir die werklikheid van God se toorn. "Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense" (Rom. 1:18). Hoe uit God dan sy toorn? Allereers deur die mense aan hulleself, aan hul sondige begeertes, oor te gee. Dit is blykbaar reeds toorn van God wanneer die mens sy gang kan gaan. So val daar lig op baie lyding uit die wêreldgeskiedenis. God laat die mense 'n tydlank hul gang gaan totdat hulle heeltemal vasloop. Totdat hulle in volkome dwaasheid, beesagtigheid en hopeloosheid verval.

Bowendien is daar God se toorn in rampe en gerigte, in die vernietiging van baie menslike prestasies (dink aan die verwoesting van New York se Trade Centre). Die boek Openbaring wys vir ons die verwoestinge in verskriklike afmetings. Wat kom daar nie los wanneer die 7 seëls geopen word, die 7 basuine geblaas word en die 7 skale van God se grimmigheid uitgegooi word nie! En dit is net aankondigings, voorbodes van die groot dag van die toorn van God en van die Lam.

Die feit dat God sonde, toorn en straf soms direk aan mekaar verbind moet ons nie daartoe verlei om elke lyding as uiting van God se toorn te sien nie. God bestraf die goddeloses met 'n regverdige oordeel tydens hierdie lewe en in die lewe wat kom. Dit geld vir die goddeloses, nie vir die gelowiges nie. Kan ons altyd weet watter slagoffers goddeloses is en met watter slagoffers God 'n beter plan het? Die oordeel laat ons aan die Here oor. Vir God se kinders is hul lyding 'n beproewing wat God ten goede laat meewerk (Rom. 8:28). In Christus mag ons weet (ook al verstaan ons dit nie en ervaar ons dit dikwels nie so nie) dat liefdevolle vaderhande met ons besig is. Vergelyk Hebr. 12:1-17.

GOD SE BEDOELING

Wat beoog die Here met al die dinge? God wil daarmee die mens met sy skitterende moontlikhede verneder. Deur rampe en oorloë, deur siekte en dood hou God die mens klein. So sny God alle ander verlossingsweë af. So oefen God die mense om te fokus op die enigste Verlosser van die wêreld.

Dit is vandag nog geen hel op aarde nie. Dit was tot nou toe net op Golgota 'n hel. Daar is wel aankondigings van die hel op aarde. Soms laat God toe dat die mens self, binne sekere grense, 'n "hel" daarvan maak. Daarvoor hoef God slegs een oomblik die teuels te laat vaar. Ons het dit gesien in die Tweede Wêreldoorlog. Midde in die hoogontwikkelde Europa was daar die vernietingskampe: Auschwitz en Treblinka. God laat tot ons beskaming sien hoe vinnig sogenaamde beskaafde mense tot barbaarse handelinge kan kom, wanneer ons God nie vrees in die gebruik van ons kulturele mag nie. God het gewys dat die humanistiese ideaal ydelheid is, dwaasheid, doodlopend. God hoef die netjiese, beskaafde mense maar effens los te laat en hulle word beule vir mekaar.

Auschwitz, Hiroshima, New York en Zimbabwe is nie die einde nie, nie die dieptepunt nie. Dit was/is, hoe verskriklik ook, nog maar 'n aankondiging van die hel. Ons hoor daarin die 7 basuine van God uit Openbaring klink. En waarom laat God die basuine klink? Om ons wakker te roep. Om ons weg te roep van die afgode na die lewende God toe. Sodat ons op die appèl gereed staan.

Hoe reageer ons? Laat ons ons wegroep van alle moderne afgode na die lewende God toe? Jesus Christus is aan die kom. In Hom alleen is daar redding. Verneder julle onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd. ¤

GOD, WAAROM LYK DIE WÊRELD SO?

- Prof Adrio König oor die voorsienigheid van God

Ds GJ Meijer, GKSA Wonderboompoort

TEMA: GOD IS IN BEHEER

'Dit was moeilik! Ek het nog nooit in my lewe so moeilik aan 'n boek geskryf nie. Ook nog nooit so lank nie. Die papier van die aantekeninge waarmee ek begin het, is al geel.

1993. Wat 'n debat! Toe die groot kanonne opgeroep is om windbuksies van die aarde af te vee. Oor die beheer van God.'

So begin prof Adrio König sy boek getiteld 'God, waarom lyk die wêreld so?'. En dwarsdeur die boek sit hy sy worsteling met die vraag 'Kan ons sê: God is in beheer?' voort.

Dit is nie om dowe neute dat König 'n boek oor hierdie saak skryf nie. Soos hy self sê: 'Ek kon die onderwerp nie los nie. Of miskien het die onderwerp mý nie gelos nie. In talle gesprekke het dit na vore gekom… Hoe deeglik het ek nie bewus geword dat daar omtrent geen frase is wat meer dikwels in ons godsdienstige taal voorkom nie, as: God is in beheer. Maar terselfdertyd het ek besef hoe min mense kan rekenskap gee oor wat hulle eintlik daarmee bedoel.'

Hierin moet König gelyk gegee word. Mense wat seerkry word maklik vertroos met geykte uitdrukkings soos 'dit was so bestem', of 'God maak nooit 'n fout nie', of 'alles het 'n goeie doel', of 'eendag sal ons alles verstaan'. Bring hierdie en derglike mooi woorde werklik troos vir 'n vrou met drie jong kinders wat as weduwee moet verder gaan nadat haar man in 'n vliegongeluk verbrand het? Hou dit troos in vir 'n jong man van 25 jaar wat in 'n kapingspoging geskiet word en lewenslank kwadrupleeg sal wees?

König se indringende besigwees met God se beheer oor ons lewens, en spesifiek God se voorsienigheid, is van die uiterste belang – vir elke gelowige.

RAAMWERK

Anders as talle studies wat oor God se voorsienigheid onderneem is, begin König sy boek by die probleem van die kwaad. Welbewus weerhou hy hom daarvan om 'n algemene 'voorsienigheidsmodel' op die tafel neer te sit en daarná te ondersoek hoe die kwaad daarby inpas. Vanuit die staanspoor probeer hy 'n antwoord kry op die vraag hoe God by die kwaad betrokke is.

As hy oor die kwaad skryf, probeer hy doelbewus om dit nie te versag met algemene terme soos sonde, lyding, swaarkry of smart nie. Die kwaad is spesifieke dinge soos die verskriklike volksmoord van die Jode gedurende die Tweede Wêreldoorlog.

In die boek word 'n '(beperkte) voorsienigheidsleer in terme van 'n eskatologiese verbondsteologie aangebied'. Dit klink na 'n mond vol. Daarmee bedoel König dat die verbond God se einddoel (esgatos) met die skepping is, en in besonder met die mens, en dat Hy in die geskiedenis besig is om hierdie doel te bereik. Langs die weg van stryd teen die kwaad oorwin God die kwaad en bereik Hy wat Hy wil bereik.

KWAAD IN 'N GOEIE SKEPPING

König het by vier teoloë van weleer gaan ondersoek doen oor hoe daar in die verlede oor die probleem van die voorsienigheid van God en die kwaad gedink is.

- *Augustinus* (354-430) gaan uit van die standpunt dat alles wat God geskep het, goed is. Die goeie kan verkeerd gebruik, of van sy goedheid beroof word. Die mense is vir die kwaad verantwoordelik deurdat hulle sonde doen (morele kwaad), waarvoor God hulle dan straf (met natuurlike kwaad soos natuurrampe). God is dus nie verantwoordelik vir die kwaad nie, maar oefen wel heerskappy daaroor uit.

- *Thomas Aquinas* (1225-1274) beskou die kwaad as die ontbreking van die goeie. As 'n oog byvoorbeeld blind is, mis die oog een van sy goeie eienskappe. Aquinas was oortuig dat God nooit die kwaad direk wil nie. Hy wil net die goeie. Tog span God die kwaad in om die goeie te bereik.

- *Johannes Calvyn* (1509-1564) se voorsienigheidsleer is volgens König 'een groot apologie vir die albeskikking van God… Calvyn se standpunt was dat God alles tot in die fynste besonderhede vooraf bepaal het, en dat alles gebeur presies net soos Hy dit bepaal het… Calvyn verwerp selfs die begrip 'toelating' omdat hy huiwer om God direk by die sonde te betrek… God laat nie maar net die kwaad toe nie, Hy beskik dit vooraf tot in die fynste besonderhede'. Toeval en noodlot bestaan nie. Uiteraard is dit vir die mens moeilik om te verstaan hoe God se albeskikking werk, veral as dit by die verwerking van teenspoed kom. Calvyn onderskei daarom tussen God se geopenbaarde wil (die Bybel) en sy verborge wil (die daaglikse gebeure). God se geopenbaarde wil is duidelik. Sy verborge wil, waaronder die beskikking oor die kwaad in 'n mens se lewe, is egter deurgaans onduidelik. Daarin moet 'n mens gelowig berus.

- *Jacob Arminius* (1559-1609) – vader van die remonstrantisme – 'aanvaar die absolute mag van God, maar hy aanvaar ook dat God uit vrye wil hierdie mag deur sy skepping beperk het… Dit beteken dat God die wêreld eerder volgens algemene beginsels regeer as dat elke klein dingetjie vooraf in fyn besonderhede besluit en beplan is – soos Calvyn gemeen het… Alles wat gebeur, staan onder die voorsienigheid van God, só dat God die goeie bewerk (beskik), maar die slegte dade toelaat'.

DIE VADERS GEWEEG

König wy 'n groot deel van sy boek aan 'n (besonder kritiese) beoordeling van die standpunte van Calvyn en Arminius.

Hy verwerp die albeskikking-standpunt van Calvyn met vrae soos: Hoe kan God die sonde beskik en die mense dan nog daaroor veroordeel? Hoe kan 'n liefdevolle Vader sinlose lyding beskik? Volgens König lewer Calvyn se algehele voorbeskikkingsleer ernstige probleme op oor byna elke aspek van ons geloof: die mens, die verbond, sonde en lyding, die geskiedenis, die toekoms, die duiwel, en God self. Sy slotsom: 'Dit is net nie moontlik om Calvyn se vreemde leer oor God se voorsienigheid te onderskryf as 'n mens met 'n Bybelse teologie werk nie'.

Oor die toelatingstandpunt van Arminius oordeel König ietwat milder. Hy meen dat die meeste gereformeerde teoloë en lidmate, selfs die gereformeerde belydenis (vergelyk veral Sondag 10 HK) 'n uitgesproke Arminiaanse inslag het. Mense is lief daarvoor om te praat oor die slegte wat deur God toegelaat word. Uiteindelik het God 'n goeie doel daarmee. Maar – oordeel König – 'n goeie doel kan tog nooit enige middel (bv. sinlose lyding) heilig nie.

Die vaders word geweeg – en te lig bevind.

VERDERE DENKE IS NODIG

Teenoor Calvyn en Arminius, ook teenoor Augustinus en Aquinas, stel König sy 'eskatologiese, verbondsmatige voorsienigheidsleer'. Hierdie leer kan in enkele hoofpunte saamgevat word:

- *God is in beheer.* Goddelike beheer beteken nie dat God oor alles beskik nie (Calvyn) of in sy almag sekere dinge toelaat nie (Arminius). Goddelike beheer kom daarop neer dat God sinvolle lewe tans moontlik maak. Hy keer dat sake nie handuit ruk nie, en Hy sal in die toekoms sy doel bereik.

- *Stryd en oorwinning.* God is vanaf die skepping in 'n voortdurende stryd betrokke. Sy stryd is teen die chaosmagte (skeppingsverhaal – die aarde was woes en leeg), die bose geeste in die lug, en teen die gevalle mens. Die chaosmagte en die bose magte word deur God met oorweldigende mag teengestaan en verpletter. God se hewigste stryd is egter teen die gevalle mens. Die gevalle mens moet gewen word en nie uitgewis word nie. Daarvoor gebruik God oorredende mag: Hy beloof, nooi, pleit, waarsku, dreig. Terwyl God die stryd voer, ervaar Hy by herhaling mislukkings – soos die volk Israel wat hulle harte dikwels teen Hom verhard het. Die uiteinde is egter oorwinning: in en deur Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het.

- *Almag en liefde.* God beskik oor geweldige groot mag, maar Hy is nie *al*magtig in die filosofiese sin van die woord (God kan enige oomblik enigiets doen wat Hy wil doen) nie. Hy kan byvoorbeeld nie sonde doen nie, Hy kan nie lieg nie, Hy kan nie verander nie. God gebruik sy geweldige groot mag om te doen wat Hy beloof het. Uit liefde wil Hy die gevalle mens red.

- *Sinvolle en sinlose lyding.* Die mensdom ly. Soms is lyding sinvol – dit bring 'n dwalende mens tot stilstand en inkeer. Ander kere is lyding sinloos, soos die uitmoor van Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog, en die gebeure op 11 September 2001 te New York. In sinvolle lyding word die liefdevolle hand van God gevoel. Sinlose lyding kom van die duiwel af. God beskik dit nie.

UITROEPTEKENS EN VRAE

Om in die bestek van 'n artikel soos hierdie in diepte op fyner besonderhede van prof. König se boek in te gaan, is onmoontlik. Trouens, selfs dit wat hierbo oor sy boek weergegee is, is uiters beknop. Ter afsluiting slegs enkele kritiese vrae en opmerkings.

Eers 'n duidelike uitroepteken! Die saak wat prof König aanspreek is van groot belang, soos in die inleiding gestel. Goedkoop troos vir mense in nood is slegter as geen troos. Om alles wat God doen te probeer verklaar – veral wat die sin van lyding betref – is uiters gevaarlik. En hoeveel keer word dit nie gedoen nie? Dink aan die vriende van Job. Let op hulle einde. Saam met prof König spreek ons die versugting uit: troos ons daadwerklik!

Máár: bied prof König se 'eskatologiese, verbondsmatige voorsienigheidsleer' werklik troos?

In antwoord hierop die volgende:

- Hy beroep hom daarop dat hy binne die kader van die verbond wil dink. Buiten vir enkele los gedagtes oor die verbond, mis 'n mens egter ten ene male die

groot lyn van verbondsmatige denke. Die verband tussen verbondseën, verbondseis en verbondswraak kom nie voor nie. Dit is 'n deurslaggewende leemte. Lyding - tydelik sowel as ewig - kan nie buite die konteks van verbondswraak gepeil en omskryf word nie.

- Kritiek op Calvyn en ander kerkvaders loop noodwendig uit op kritiek teen die belydenis. Nie net die betrokke Sondae en Artikels insake die voorsienigheid kom aan die orde nie. Ook dit wat ons bely van God se almag en sorg. Om met die standpunt van 'n teoloog te verskil is een ding. Om van die kerklike belydenis af te wyk (wat König op heelparty plekke inderdaad doen) is iets anders. Prof JH van Wyk, wat in *In die Skriflig* van Desember 2002 met prof König in gesprek tree oor sy boek, maak tereg die opmerking: 'My konklusie is dat König so ver wegbeweeg van die klassieke gereformeerde benadering dat hy 'n kerklike oordeel oor sy standpunt sal moet aanvra'.

- Opmerkings oor God se mag, as sou God nie alles kan doen wat Hy wil doen nie, doen myns insiens afbreuk aan ons God en hemelse Vader. God kan immers alles doen wat Hy wil doen! Dit is ons enigste troos in lewe en in sterwe. Om God se mag as oorredend, uitnodigend, pleitend te omskryf hou nie water nie. Sodoende word aan die mens meer toegedig as wat hom toekom.

- Die onderskeid tussen sinlose en sinvolle lyding is onbevredigend. Wie bepaal op grond waarvan wanneer lyding sinvol is, en wanneer dit sinloos is? En hoe word dit bewys dat 'sinvolle lyding' van God kom, terwyl 'sinlose lyding' van die duiwel afkomstig is?

WARE TROOS

Teenoor die 'eskatologiese, verbondsmatige voorsienigheidsleer' van prof König staan die ware troos van onder andere vraag en antwoord 28 HK: 'Wat baat dit dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou? Dat ons in alle teëspoed geduldig en in alle voorspoed dankbaar kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle hul sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie'. Met hierdie belydenis kan ons mekaar onder alle omstandighede bemoedig. Ongetwyfeld. ¤

"'n LEWENDE KERK IS IN BEWEGING"

- Ontwikkelings in die Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt)

RONDOM DIE KERK: BUITELAND

Die Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt) het onlangs sinode gehou in die Groningse dorp Zuidhorn. Soos gewoonlik was daar talle kwessies op die sinode se agenda: evangelisasie, gesange, orde van diens, ekumeniese bande, om slegs enkeles te noem. Om 'n indruk te kry van die sinode – asook van ontwikkelings in die GKN(V) in die algemeen – het Kompas 'n aantal vrae voorgelê aan dr Erik de Boer wat as voorsitter van die sinode opgetree het.

Kompas: Wat was die belangrikste sake op die sinode se agenda en hoe hou dit verband met ontwikkelings in die GKN(V)?
De Boer: 'n Belangrike saak was 'n nuwe studie van die deputate oor egskeiding en 'n tweede huwelik na egskeiding. In plaas daarvan om die gronde vir egskeiding verder te nuanseer en afsprake vir pastorale beleid uit te werk, het hulle gekies daarvoor om opnuut eties hieroor te gaan nadink. Wat sê die Here? God se Woord gee in feite geen gronde vir egskeiding nie. Owerspel is so 'n groot troubreuk (in die Ou Testament met die dood bestraf) dat die huwelik daadwerklik gebreek is. Dit onderstreep dat die huwelik nie deur mense ontbind kan word nie. In die rapport word die weg van die navolging van Christus en die styl van die koninkryk gewys: moenie die eie geluk eerste plaas nie, ongetroud bly kan ook positief gewaardeer word.

'n Ander belangrike punt: die sinode het die saak van die vierde gebod losgemaak van die aanleiding, naamlik 'n uitspraak van 'n predikant waarteen daar kritiek gekom het. Hoe swaar moet die aspek van nie-werk in die nuwe verbond weeg? In die gereformeerde teologie is daar al eeuelank hieroor nagedink. Sommiges lei die vierde gebod uit die skepping af (Gen. 2), terwyl ander daarop wys dat die vierde gebod aspekte van wetgewing vir Israel het. Die verskuiwing van die rusdag na die eerste dag van die week is ingrypend. Is die viering deesdae belangriker as die rus? Albei gedagtes het 'n plek in die gereformeerde kerke. Dit is so teenoor die beswaardes uitgespreek. Bowendien is daar deputate benoem om die kerk te dien met 'n etiese handleiding vir Sondagsheiliging in hierdie tyd.

Kompas: Was hierdie sinode spesiaal in bepaalde opsigte? Is daar rigtinggewende besluite geneem waarvoor die sinode onthou sal word?
De Boer: 'n Belangrike besluit is

die "Koersbepaling ten aansien van liturgie". Die probleem was dat art 65 KO die orde van diens voorskryf, maar nie bepaal watter ruimte die plaaslike kerke by die invulling van die erediens het nie. Daar is besluit om

a. die landelike beleid (afsprake van die generale sinode) te rig op fasilitering, d.w.s. op die beskikbaarstelling van uitgewerkte Ordes van diens, formuliere en liedere, terwyl
b. die verantwoordelikheid van die kerkraad om in die plaaslike situasie 'n liturgiese beleid uit te werk, benadruk is. Die indruk dat die landelike deputate 'n liturgiese beweging op die been gebring het en aan die gang hou, is hiermee tegelykertyd weggeneem.

In fasiliterende sin het die sinode besluit om negentig liedere goed te keur, gedeeltelik vir die kinders, gedeeltelik uit die E&R bundel. Dit is op weg na die vorming van 'n breër gesangbundel. Om die rus in die kerke te soek het die sinode besluit om die uitbreiding van die bundel, deur middel van 'n seleksie uit die *Liedboek voor de Kerken,* vir drie jaar uit te stel. Van die 121 gesange wat beproef is, is daar nou 117 definitief aanvaar. Hierdeur is die inhoud van baie besware vir 'n groot deel afgewys, maar is aan die bron van die beswaardheid (weerstand teen die Liedboek) tegemoet gekom. Deur hierdie besluit wil ons die eenheid van die liturgie in die kerk vashou, terwyl daar tog plaaslik ruimte is vir eie aksente.

VERANDERINGS

Kompas: Dit is duidelik dat die GKN(V) die afgelope paar dekades verander het. Is die veranderings slegs oppervlakkig of gaan dit dieper?

De Boer: Die veranderinge gaan dieper. Die herkenbare identiteit wat die kerk in haar eie organisasies gehad het, het vir 'n groot deel verdwyn. Selfs in die "eie" onderwys kom die verwante kerkformasies – Christelike Gereformeerde Kerken, Nederlandse Gereformeerde Kerken, en Gereformeerde Bond – so naby dat herkenning moontlik is. Die kerklike skeidslyne is minder duidelik. Dit kom saam met 'n minder duidelike konfessionele identiteit, wat veroorsaak word deur minder belangstelling in die geloofsleer wat dogmatiese sake betref en 'n sterk aandag vir die eie geloofsbelewing. Dit is belangrik dat geloofs*leer*, as onderwys van die Skrif, en geloofs*belewing* nie van mekaar geskei word nie maar aan mekaar verbonde moet bly.



Dr EA de Boer

Maar daar is meer faktore. Die vraag na meer liturgiese vryheid en aktiewe deelname in die erediens gaan soms saam met kritiek op "die kerk" en haar voorgangers. Dit is minder vanselfsprekend as voorheen dat amp en kerk liefde en gesag geniet. Mondige gemeentelede stel hoër eise aan die instituut kerk en aan die funksionering van betaalde werkers. Dit verhoog die druk op ons predikante en kerkrade. 'n Positiewe ding is dat daar aandag vir gemeente-opbou is en vir die kerklike integrering van die werk van die Gereformeerde Vormingsinstituut (GVI). Ook evangelisasie kry baie aandag.

Kompas: Is daar ook verskuiwings in die teologie? In die GKN(V) se kerklike tydskrifte is daar diskussies oor sake soos die prediking en die hermeneutiek. Handel hierdie diskussies slegs oor middelmatige sake, of is hier teologiese koerswysigings ter sprake?

De Boer: Ons probeer om die gereformeerde teologie te ontwikkel. Dit beteken meer as net die herhaling en verduideliking van die klassieke teologie. Daar is 'n oop verhouding teenoor ontwikkelings in die breedte van teologie en filosofie. Insig in die kultuur en aandag vir sosiale wetenskappe lei tot die ontwikkeling van amptelike vakke, bv. die homiletiek (preekkunde). Daar is egter geen sprake van 'n openheid vir skrifkritiek nie. Ons wil juis volledig reg doen aan die Bybel as God se enigste Woord en staan op basis van die belydenis.

As ons hierdie geloofsuitgangspunt kombineer met 'n oop houding ten opsigte van breër ontwikkelings in die teologie, kom daar vrae op, bv. oor die aard van die skrifgesag. Dat die Skrif volkome gesag het, staan vas. Maar die teks van die Skrif kan vrae laat opkom. Dit het gelei tot die publikasies oor hermeneutiek. Een vraag is byvoorbeeld: in hoeverre vind 'n mens in die historiese Bybelboeke 'n enigsins ander tipe geskiedskrywing as 'n presiese feiterelaas? 'n Konkrete voorbeeld: as Ragab in Rigters 2 aangehaal word, is dit wat sy presies gesê het? Of lê die verteller woorde in haar mond wat lyk soos die lied van Moses in Deut. 32? Die diskussie oor hermeneutiek is op hierdie stadium nog algemeen en word nie gekonsentreer op een of ander gevoelige saak nie. Dit lei tot groter aandag vir die geheel van die Bybel.

ROL VAN DIE VROU

Kompas: Die rol van die vrou in die kerk is 'n vraagstuk wat in baie kerke moeite veroorsaak en soms tot kerkskeuring lei. Is dit tans 'n aktuele vraagstuk in die GKN(V) of is dit dalk besig om 'n aktuele vraagstuk te word?

De Boer: Op hierdie stadium is daar geen bespreking oor die ruimte vir die vrou om in die ampte te dien nie. 'n Mens sou dit dalk kon verwag het op grond van die genoemde algemene vlak van diskussie. Dit sal seker eendag 'n konkrete punt word, maar daarvan is nou nog geen teken nie. Ek het

hierdie onderwerp breedvoerig in *De Reformatie* bespreek. Dan kom die knelpunte ook na vore. Die vraag binne die GKN(V) is nie soseer of vroue in die amp mag dien nie, maar hoe ons vroulike gawes 'n duideliker plek in die kerk kan gee. Daar word wel binne die Nederlandse Gereformeerde Kerken hierdie jaar 'n rapport bespreek wat antwoord moet gee op die vraag of die ampte van ouderling en predikant oopgestel mag word. Daar het die laaste tyd toenadering tot die Nederlandse Gereformeerde Kerken ontstaan. As hierdie saak hulle besig hou, sal dit moontlik onder ons ook tot bespreking lei.

Kompas: Is die GKN(V) nog 'n eenheid of het dit intussen 'n kerk met verskillende modaliteite geword (Reformanda, Bij de Tijd, ens.)? Reformanda was uiters krities oor die afgelope sinode (hulle praat van 'deformasie'). Kan julle nog al die skape in dieselfde hok hou?
De Boer: Die GKN(V) het 'n duidelike eenheid. Die afstand tussen tydskrifte soos *De Reformatie* en *Nader Bekeken* is nie groot nie. Wel plaas die vereniging *Reformanda* met haar tydskrif hulle teenoor die kerk deur nie die sinodebesluite te aanvaar nie. Dit lewer in sommige gemeentes groot spanning op. Tog is daar nie sprake van skeuring nie. Dit sou mooi wees as *Reformanda* nie haar eie standpunt tot norm verhef nie, maar eerder opnuut aan die bespreking in die kerke sal deelneem.

Kompas: Ons hoor dat predikante in die GKN(V) onder groot stres ly en dat baie van hulle oorwerk of oorspanne is. Ons verneem ook dat daar die laaste jare baie min jongmanne is wat aanmeld vir teologiese studie in Kampen en dat daar 'n predikante-tekort dreig. Watter faktore speel hier 'n rol? Sê dit iets oor die situasie in die kerke in die algemeen?
De Boer: Die amp van predikant is swaar, omdat hoë eise daaraan gestel word. Gemeentelede is gewoond om alles op kwaliteit te beoordeel en doen dit ook in die kerk. Bowendien lê plaaslike spanning deur verskillende strominge druk op die predikant. Die uitval van predikante, ongeveer 25 in sewe jaar se tyd, doen skade aan die beeld van dienaar van die Woord. Ons is besorg oor die klein hoeveelheid studente in Kampen. Dit word ook veroorsaak deur die feit dat jongeres later keuses maak en soms krities in die kerk staan. Op hierdie stadium is daar egter min vakatures en wag kandidate op 'n beroep. Ons bid dat die Here nuwe entoesiasme in die kerk sal gee en die jongeres roep om hulle gawes te gebruik. As die nood deur vakatures sal groei, sal dit ons gebed versterk. Hyself moet voorgangers gee.

Kompas: Soos u sal onthou van die jare dat u in Pretoria predikant was, is lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke geneig om baie krities ten opsigte van die GKN(V) te wees. Hoe beoordeel u hierdie kritiek?
De Boer: Die GKN(V) is 'n groot kerk van 126 000 lede wat volop betrokke is in 'n samelewing wat op hol geslaan het. Die teologiese aksente van die Vrymaking, soos die verbond- en kerkleer, is nie meer so op die voorgrond soos wat die immigrante dit hulle herinner nie. Die kort periode van oprigting van eie organisasies is verby. Van 'n afstand af lyk dit asof die GKN(V) afgly. In werklikheid staan die kerklede met albei bene in die maatskappy. Daarom is dit goed dat die teologie ook ontwikkel. Konserwatisme in die kerk lyk veilig, maar dit berus nie altyd op Bybelse beginsels nie. 'n Kerk in beweging lyk onrustig, maar dit is juis 'n lewende kerk. Dit staan midde in die hede waarin Christus ons roep om kerk te wees.

KONFRONTASIE

Kompas: Terug na die sinode: Volgens berigte in die media was daar 'n onaangename konfrontasie tussen afgevaardigdes van die GKSA en die VGKSA. U kommentaar asseblief?
De Boer: Die betrokke deputate van die VGKSA het ons deputate BBK onvoldoende op die hoogte gehou. Die voorstel om 'n susterkerkrelasie met die GKSA aan te gaan was betyds aan hulle bekend. Die bydrae van u deputate het die sinode, waar daar ook GKSA-deputate aanwesig was, in 'n onaangename dilemma geplaas. Die sinode kon tydens die vergadering die argumente van die VGKSA nie voldoende beoordeel nie. Die noem van die woord "skrifkritiek" laat baie rook ontstaan, maar is daar ook vuur? Teenoor die mense van die GKSA was dit beskamend dat ons die inligting van die VGKSA wel laat saamweeg het, maar dit tog nie kon beoordeel nie. Die enigste oplossing was om te besluit om te werk na 'n susterkerkrelasie in 2005.

Kompas: Die voorstel dat die GKN(V) 'n susterkerkrelasie met die GKSA aangaan, het net nie die paal gehaal nie. Wat kan nog verhinder dat die volgende sinode die knoop sal deurhak?
De Boer: Natuurlik sal die verwyt van skrifkritiek grondig ondersoek word. Gaan dit in feite oor die eksegese en oor die manier van skrifuitleg (hermeneutiek), of word die leer van die Skrif op 'n sekere plek betwyfel? Daarom is dit nodig dat daar kontak tussen Kampen en Potchefstroom groei. 'n Susterkerkrelasie sonder teologiese gesprek het nie inhoud nie. Dit kom daarop neer dat ons die regte inhoud aan die relasie gee. Ja, dan kan daar – van hulle kant of van ons kant – 'n verhindering blyk te wees. Maar die rigting van die sinode is positief.

Kompas: Dit is bekend dat die GKN(V) eenheid met die Chr. Geref. Kerken (CGK) nastreef. In hoeverre speel die feit dat die CGK 'n susterkerkrelasie met die GKSA het, 'n rol in die GKV se houding teenoor die GKSA?
De Boer: Daar het onlangs oorleg tussen deputate van albei kerkverbande gegroei. Ook teologies gesien is daar meer herkenning

tussen Apeldoorn en Kampen. Dan vra ons ook hoekom die CGK minder moeite het met die ontwikkelinge in die GKSA. Dit is natuurlik nie prosesse waarin daar van opset sprake is nie. Dit is van groot belang dat daar tussen die Nederlandse en Suid-Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis oor die teologie gepraat word. Ons wil die VGKSA dien om op 'n eerlike en inhoudelike wyse om te gaan met die vrae wat tussen haar en die GKSA lyk te staan. Dit was ook die dieper grond vir die sinodebesluit: ons wil nie 'n breekyster wees in die verhoudings in Suid-Afrika nie, maar wil die kerke in u land as susters dien. Nie met groot woorde nie, maar in gesprek op grond van die Skrif.

Kompas: As u nadink oor die VGKSA wat u self gedien het, het u miskien iets op die hart wat u in vandag se situasie vir die kerke sou wou sê?
De Boer: In aansluiting op die voorafgaande: dit is mooi dat die Here mannekrag gegee het om die opleiding tot diens van die Woord ter hand te neem en in opleiding deel te neem. Laat daar 'n teologiese samewerking uitgroei waarin u nie u eie kragte oorskat nie, maar die samewerking van die susterkerke soek. Die gereformeerde teologie moet die kerke dien. Daarom moet ons ook daarvoor stry om haar 'n goeie naam en krag van oortuiging te gee.

Dr E.A. (Erik) de Boer is predikant van die Gereformeerde Kerk (Vrijgemaakt) te Zeist, Nederland. Van 1990 tot 1993 was hy predikant van die VGK Pretoria. Die reeks artikels oor die rol van die vrou in die kerk waarna verwys word, was 'n reeks van 13 artikels wat tussen Januarie en April 2002 in 'De Reformatie' verskyn het onder die tema 'Man, vrouw en kerk'. Die onderhoud is per e-pos gedoen. Die vrae is opgestel deur dr A.J. de Visser en Karina Ijlst het die vertaling versorg. Toe die onderhoud gedoen is, wat dit nog nie bekend watter besluite die

REAKSIE OP DS. E.A. DE BOER

Ds Rob Visser en ds Pieter Nel, deputate van die VGKSA, het in Mei verlede jaar die sinode in Zuidhorn besoek. Hulle reageer as volg op ds De Boer se analise van die gebeure op die sinode.

Ons is dankbaar dat die redaksie van Kompas ons geleentheid gegee het om te reageer op dit wat ds De Boer van die bespreking oor die GKSA op die sinode van Zuidhorn gesê het. Ons reaksie het slegs die doel om die feite reg te stel.

1. Ds De Boer sê dat ons die Nederlandse deputate nie genoeg ingelig het nie. Die beswaar van Skrifkritiek sou by die Nederlandse deputate nie genoegsaam bekend gewees het nie.
   Ons wil daarop wys dat ons hierdie saak op die sinode self beantwoord het. Ds Visser het in antwoord op vrae gesê dat al die dokumente waarteen ons besware het, reeds in 2000 aan die Nederlandse deputate gegee is. Hy het die voorsitter van deputate, ds Tj de Boer, gevra om dit te bevestig. Ds Tj de Boer het bevestig dat hulle al daardie dokumente in hulle besit het. Dit was dus nie die Suid-Afrikaanse deputate wat geen inligting verstrek het nie. Dit was ons broers in Nederland wat dit nie in hulle rapport aan die sinode voorgelê het nie.

2. Ds De Boer wys daarop dat ons die voorstel van hulle deputate om 'n susterkerkrelasie met die GKSA aan te gaan, betyds ontvang het. Dit is reg. Dit is net jammer dat hy nie vermeld dat ons 10 Augustus 2001 'n e-pos vir deputate gestuur het waarin ons ons beswaar daarteen en die gronde daarvoor bekend gemaak het. Ons het in daardie e-pos gevra dat ons susterkerke eers 'n nuwe ondersoek na die situasie in die GKSA doen. Die probleem was dat op een of ander manier daardie e-pos die deputate in Nederland nie bereik het nie. Dit is duidelik dat dit nie reg is om die onaangename gebeurtenis in Zuidhorn net voor die deur van die VGK en sy deputate te lê nie.
   'n Ander punt is dat een van die sinodelede opgemerk het dat die VGK se deputate die volste reg het om hulle besware te kom voorlê en dat dit 'kinderagtig' is om krities daaroor te wil wees; hierdie opmerking is deur verskeie lede ondersteun.

3. Nog net 'n opmerking oor wat ds De Boer in die allerlaaste gedeelte van die vraaggesprek sê. Dit kan lyk asof ons Teologiese Skool nie die samewerking van ander gereformeerdes en susterkerke soek nie. Ons kan met vrymoedigheid sê dat ons die samewerking wel soek. Voorbeelde hiervan is:
   - Prof Jorrie Jordaan van Potchefstroom bied gereeld as gasdosent klasse in Nuwe Testament aan.
   - Dieselfde geld by Kerkgeskiedenis van Prof Dolf Britz van Bloemfontein.
   - Ons het ook dosente in Kampen gevra om as gasdosent op te tree. Dit was van hulle kant tot nou toe nie moontlik nie. Die gevolg van die kontak was wel dat dr A.N. Hendriks as gasdosent opgetree het.
   - Hierdie jaar sal prof J. Geertsema van Hamilton as gasdosent optree.

   Dit is duidelik dat ons nie die isolement soek nie. Ons wil net in ons land, vanuit die volledige betroubaarheid van God se Woord, dienaars van die Woord oplei wat ware teoloë is omdat hulle magtig is in die Skrifte en dit vanuit die liefde van hulle hart in die gemeentes en daarbuite verkondig. ¤

EK STAP IN MOLENSTRAAT, POTCHEFSTROOM …

- Persoonlike impressie van die tweede week van die sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Ds Rob Visser

RONDOM DIE KERK: SUID-AFRIKA

Dit is 13 Januarie kwart voor ses in die oggend. Ek vertrek saam met ds Henk ten Brinke van ons susterkerke in Nederland by ons huis in Dunwoodielaan, Pretoria. Ons is op pad na Potchefstroom. Die doel is om die sinode van die GKSA by te woon. Ons is altwee as waarnemers genooi.

Na omtrent twee uur se ry kom ons in Molenstraat, Potchefstroom, waar die sinode hierdie Maandag om 8:30 begin vergader. Ek laai ds Ten Brinke hier af en ry self verder om die plek te vind waar ek moet slaap en om 'n deel van my bagasie daar af te laai. Ek kom weer by die sinode as hulle al 'n rukkie besig is met die agenda.

In my hart leef die hoop dat dit 'n goeie sinode sal wees. 'n Sinode wat besluite in ooreenstemming met God se Woord sal neem. In Sondag se erediens het ons die Here gebid dat die besluite van hierdie sinode ons so naby aan mekaar sal bring dat die GKSA en die VGK volledig een kan word. Dit is die diepe verlange van ons hart. Mag so Christus se Naam eer ontvang.

As ek in die Sinode my plek ingeneem het, verwelkom die voorsitter my as vervanger van ds Pieter Nel wat die eerste week ons waarnemer by die sinode was. In die eerste week het daar veral besprekings plaasgevind en is sake na kommissies verwys. Hierdie week moet die besluite geneem word.

DIE EERSTE TWEE DAE

Die eerste twee dae voel ek tuis. Die sinode neem goeie besluite met ook goeie gronde vanuit God se Woord en ook die belydenisskrifte. Ek dink daarby o.a. aan die behandeling van die beswaarskrifte teen artikel 15 en 24 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Ek dink ook aan die verduideliking wat die Sinode van 'n eerdere besluit oor die Messias in die Ou Testament geneem het. Die noodsaak van gereformeerde onderwys aan ons kinders word deur hierdie sinode meer beklemtoon as op vorige sinodes.

Ek is bly en my moed begin groei. Hoe pragtig sou dit wees om saam met hierdie broers volledig een te wees en ook in sinodevergaderings saam te kom. 'n Mens se gebed tot die Here word nog indringender. Dit is ook goed om met baie broers kontakte te lê en ander weer te ontmoet. Na twee dae gaan 'n mens dankbaar slaap.

PSALMS TOETS?

Die derde dag kom die voorstel ter sprake dat die Cloete-omdigting langsaan die Totius-beryming in die GKSA gesing mag word. Dit sal dan ook beteken dat 'n Psalmboek uitgegee gaan word wat hierdie twee berymings bevat, plus die Skrifberymings wat deur die GKSA aanvaar is.

Die voorstel soos hier beskryf is 'n voorstel van die meerderheid van die kommissie. Daar is egter 'n minderheid van vier ouderlinge wat voorstel om die Cloete-omdigting eers grondig deur deputate te laat toets sodat die volgende sinode 'n verantwoorde besluit kan neem. Hulle voer aan dat daar vanuit die kerke baie besware teen die Cloete-omdigting gekom het en dat daar in die lyn van vorige sinodebesluite 'n gesamentlike verantwoordelikheid is om seker te maak dat die Psalm-omdigting volgens God se Woord is. Deeglike toetsing is dus baie belangrik.

As jy hierdie dinge hoor, kan 'n mens eintlik nie verstaan hoekom daar nie eers sorgvuldig getoets sal word nie. Dit is vir my dan ook baie vreemd dat die sinode tog die Cloete-omdigting sonder toetsing aanvaar. 'n Belangrike minderheid van die sinode-afgevaardigdes kies op hierdie oomblik teen aanvaarding van die Cloete-omdigting.

Dit is duidelik dat 'n deel van die sinodelede nou baie bekommerd is. Sekere broers sê vir my: "Rob, jy sal sien dit gaan verkeerd. Jy sal sien dat ons met die vrou in die amp ook die verkeerde kant opgaan." Om eerlik te wees het ek dit toe nog nie geglo nie. Hierdie reaksies het vir my in daardie stadium nogal ongenuanseerd geklink. Later het dit duidelik geword dat die broeders die onderlinge verhoudinge baie beter as ek geken het.

DIE VROU IN DIE KERK

Die sinode wag met spanning op die rapport oor die vrou in die kerk. Die kommissie wat hiermee besig is moet 'n beswaarskrif van prof Fika van Rensburg en ds Wim Vergeer teen die besluite van die sinode van 1988 behandel. Die sinode van 1988 het uitgespreek dat die ampte nie vir die vrou oopstaan nie.

Verder moet dieselfde kommissie 'n voorstel doen na aanleiding van 'n deputaterapport oor die kwessie. Die deputate kon nie tot 'n gesamentlike aanbeveling kom nie. 'n Meerderheid van die deputate beveel aan om die vrou in die diakenamp toe te laat maar nie in die amp van ouderling en predikant nie. Die minderheid stel voor om alle ampte vir die vrou oop te stel. Baie mense het gedurende die sinode na die sinode-kommissie gegaan en voorleggings gemaak. Hoe verder ons in die sinode kom, hoe meer neem die spanning toe. Wat sal die kommissie voorstel?

Woensdagaand net voordat ons na ons kamers gaan, ontvang ons die kommissievoorstel oor die beswaarskrif van prof Van Rensburg en ds Vergeer. Ek kan dit voordat ek gaan slaap rustig deurlees. As 'n mens na die uiteindelike voorstel van die kommissie kyk, kan dit lyk asof jy gerus kan wees. Die voorstel is naamlik om die beswaarskrif vir die grootste deel af te wys en die besluite van 1988 nie te wysig nie. Nogtans kom daar by die lees van die kommissierapport groot onrus in my hart. Hierdie beswaarskrif word nie verwerp omdat die kommissie uitspreek dat wat hier gestel word nie in ooreenstemming met die Skrif is nie. 'n Baie belangrike sin in die kommissierapport is: "Na die oordeel van die kommissie kan die "gedagte-opbou" wat die beswaardes voorstaan, **wel as geldig beskou word**, maar – soos die beswaardes met die woord "geldiger" toegee – nie as die enigste geldige beskou word nie.

Die afleiding wat die sinode volgens die beswaardes uit die gebruik van "so ook" in 1 Tim 2:9 maak, sou ook geldig kon wees." Die kommissie beveel aan om die beswaarskrif te verwerp omdat dit nie voldoende duidelik maak dat die sinode van 1988 heeltemal verkeerd geredeneer het nie. Nogtans verwerp die kommissie nie die uitleg wat prof Van Rensburg en dr Vergeer gee nie. Dit is volgens hulle ook geldig. Hier sien 'n mens dus dat die sinode die beswaarskrif Donderdagoggend nie regtig prinsipieel verwerp het nie.

Die indruk word bevestig as die kommissie met verdere voorstelle oor die rol van die vrou in die kerk kom. Die voorstelle kom konkreet daarop neer dat die vrou diaken mag word en dat 'n groot opening gelaat word om op die volgende sinode ook die ampte van ouderling en predikant vir die vrou oop te stel.

As die voorsitter vra wie aan die bespreking hieroor wil deelneem, gaan vyftig hande omhoog. Die bespreking neem omtrent twee ure. Dan moet daar gestem word. Die spanning in die vergadering is groot. Ds SD Snyman dien die ordevoorstel in om die kommissievoorstel te verwerp. Dit word in stemming gebring. Tweehonderd en tien afgevaardigdes stem deur hulle hande op te steek. As daar gevra word wie ds Snyman se voorstel ondersteun, is dit nie onmiddellik duidelik wat die uitslag is nie. Daar moet getel word. Dan vra die voorsitter wie teen ds Snyman se voorstel gekant is en sien 'n mens dat die voorstel afgewys sal word. Dit beteken dat die voorstelle van die sinode-kommissie aanvaar word, na my inskatting met omtrent 60% voor en 'n bietjie minder as 40% teen.

Totius

Dadelik na die stemming gaan drink ons koffie of tee. 'n Deel van die broers is intens bly, ander kan nie meer praat nie, sommiges huil. Hoe groot is die skok vir hulle. Hulle sê dit ook: "Hoe kan ons nou nog verder in die GKSA?!" Ons gaan terug na die sinodesaal. Ons moet saam enkele verse van SB 21 sing.

Ek voel dat ook in my iets gebreek het. Ek kan nou nie saamsing nie en loop na buite. Ek loop daar 16 Januarie 2003 in Molenstraat in Potchefstroom. Ek voel in my hart opkom: "Here hoekom? Hoekom moet dit ook in ons land gebeur? Hoekom wil mense op hierdie punt van U Woord afwyk? Hoekom moet die pad na ware eenheid nou so afgebreek word? As ek so in Molenstraat stap, herken ek dat hierdie besondere gevoel van eensaamheid een keer eerder in my lewe in my opgekom het. Dit was toe my ouers vanweë veral die toelating van die vrou in die amp, in gehoorsaamheid aan Christus, uit die Sinodaal Gereformeerde Kerke in Nederland gegaan het en hulle by die Gereformeerde Kerke aangesluit het. Die keuse het vir my as 15-jarige seun toe beteken dat daar 'n breuk gekom het met die gemeenskap waarin ek geleef het. Ek het toe in 'n vir my heeltemaal vreemde omgewing gekom. Van toe af moes ons een en 'n halwe uur reis om kerk toe te gaan, terwyl dit daarvoor een minuut se stap was. 'n Mens weet ook dat gehoorsaamheid aan die Here se Woord die enigste regte pad is, en dat dit die pad is waarop Hy sy seën gee.

Weer terug in die sinode maak ook twee buitelandse kerke wat bande met die GKSA het duidelik dat hulle meen dat die onderlinge bande vanweë hierdie besluit nie kan bly bestaan nie.

Die sinode neem nog besluite oor die verhouding met VGK en ons susterkerke in Nederland. Dit kom daarop neer dat gesprekke moet voortgaan en gepraat moet word oor wat in Zuidhorn gebeur het. Die sinode word Donderdag omtrent 18:30 uur gesluit. Die besluit oor die vrou in die kerk gaan groot onrus in die GKSA bring. Hoe anders voel ek nou as die eerste twee dae.

Nogtans is daar in my hart die gebed dat Christus deur die stryd vir die waarheid sy kinders weer saam sal vergader. Laat ons bid vir die stryd vir Christus en sy Woord in die GKSA. Laat die woorde van Psalm 119:29 berymd as 'n gebed in ons harte wees:

"Laat hul weer met my vergader
wat u Naam van harte vrees,
dat ons, in u woord verenig,
een gemeenskap weer kan wees.
Laat my hart maar net opreg
wees voor u oog wat alles sien,
Dan sal my geen skaamte
oorkom nie as ek U van harte dien." ¤

Burundi

Arie Roos

AFRIKA

'n Land in midde-Afrika waar 'n menslike drama besig is om plaas te vind. Ons TV skerms wys dikwels grusame beelde van strydende partye wat, in die honger na mag, nie skroom om medeburgers te vermoor en die land in chaos te dompel nie. Weer eens is die wortel van die konflik 'n stryd waar rasse 'n beduidende rol speel.

Burundi is 'n land, skaars groter as die Nasionale Kruger Wildtuin, met 'n inwonertal van ongeveer 6.4 miljoen en feitlik sonder natuurlike hulpbronne. Hier probeer die Burundi's 'n bestaan maak uit hoofsaaklik kleinskalige landbou en tuisnywerheid wat die bevolking, nouliks aan die lewe hou. Met 'n per capita inkomste van $600 leef 70% van die bevolking onder die broodlyn.

Ons was in die gelukkige omstandigheid om geloofsgenote uit Nederland te ontmoet wat 'n rol wil speel in die ontwikkelingsproses van Burundi en vir die doel aansienlike offers in terme van die daaglikse lewe moet bring om die nood van die land te lenig.

TEARFUND

Ane en Jessica de Vos beskou hul missie in Burundi as 'n Godgegewe taak. Na aanvanklike pogings om in Ghana te werk het 'n oop geleentheid gekom om aanvanklik vir Dorkas Aid maar tans vir Tearfund, 'n Christelike NGO, in Burundi te gaan werk. Hierdie organisasie is oorspronklik van Engeland en het in die 70'er jare van die vorige eeu tydens die ernstige krisis in Biafra ontstaan. In eerste instansie was die bedoeling om hulp te verleen aan ontwikkelende lande. Nie alleen dit nie, daar is ook aansienlike hulpverleningsprojekte vir mense in Skotland en Engeland, soos vlugtelinge en dakloses. Later het dit, soos die bedoeling was, uitgegroei tot 'n organisasie wat hulp verleen aan gebiede in die

ontwikkelende wêreld met projekte in ongeveer 90 lande wat tot 60 verminder sal word om die doeltreffendheid van projekte te verbeter.

Befondsing van projekte is hoofsaaklik afkomstig van individuele donasies en, hoewel in mindere mate, van internasionale organisasies soos die VN, die EU en USAid. Tearfund verskaf addisionele bystand aan plaaslike deelnemers in die vorm van finansies, met beskikbare fondse van so 'n 30 tot 35 miljoen pond sterling per jaar, en kennis en ervaring in die vorm van mannekrag. TEAR Fund se jaarlikse belegging in Burundi beloop ongeveer een miljoen pond per jaar.

PROJEKTE

Ane is hoofsaaklik betrokke by projekte in beperkte gebied in die Noorde, Kirundo, noordwes van Muyinga waar 'n landbouprogram aan die gang is en in die Suide, Suid van Bururi waar 'n voedingsprogram die hongersnood aanpak. Hier is die dienste van 'n mediese dokter, soos die van Jessica de Vos, onontbeerlik.

Die projekte is gefokus op landbou en voeding omdat dit 'n belangrike faktor is om die hongersnood in Burundi enigsins te verlig. Sentraal in die projek in Kirundo is die verskaffing van hoogs produktiewe saad. 'n Gedeelte van die opbrings van daardie saad moet aan Tearfund terugbesorg word wat dit weer aan behoeftiges wat kleinskalig probeer om deur middel van power landboumetodes die pot aan die kook te hou. "Behoeftig" word in hierdie verband verstaan as gemarginaliseerdes soos huishoudings wat deur vroue en selfs kinders beheer word, gestremdes, vlugtelinge en Pigmeë, laasgenoemde is volledig gemarginaliseer. Teen die wense van die plaaslike boerebevolking word verskaffing van kunsmis tot 'n minimum beperk en word die gebruik van natuurlike bemesting deur organiese stowwe sterk aanbeveel.

Waar die de Vosse self in Bujumbura, die hoofstad, woonagtig is word van lugvervoer gebruik gemaak om die projek in die Noorde te besoek. Die projek in Makamba is slegs oor land bereikbaar. 'n Reis soontoe is nie sonder gevaar nie. Hoewel landmyne redelik skaars is, word nogtans gebruik gemaak van landmynbestande voertuie. Die grootste gevaar is die van 'n lokval. By die rebelle gaan dit nie soseer om voertuie van hulpverleners, wat duidelik gemerk is nie, maar wel om minibusse wat ook in ons land 'n geliefde teiken van kapers is. Voortdurende radio-kontak met die Tearfund basis in Bujumbura en Mahamba asook die hoofkwartier van die VN omtrent aanwesigheid van rebelle is derhalwe 'n noodsaaklikheid.

Ontwikkelingsprojekte fokus by voorkeur nie op die verbou van koffie of tee wat 80% van buitelandse valuta verdien nie. Dis 'n publieke geheim dat die grootste gedeelte, soveel as 80%, van die aldus verdiende fondse na die departement van verdediging gekanaliseer word en as sodanig die oorlogmasjien aan die gang hou.

BURGEROORLOG

Met ’n totale bevolking van omtrent 6,4 miljoen is 85% lid van die Hutu bevolkingsgroep en 14% Tutsi’s. Die oorblywende 1% verteenwoordig hoofsaaklik die dwergvolk, die Pigmeë.

Na die Eerste Wêreldoorlog moes die Duitse koloniale owerheid Burundi (ook bekend as die land van die klein koninkrykies) asmede Rwanda en Tanzanië in beheer van België laat, wat dit as ’n protektoraat beheer het. Om onverklaarbare redes het die Belge die Tutsi’s as die “slimmer” gedeelte van die bevolking beskou en hulle bevoorreg met bestuursposisies in die beheer van die land.

Boonop is in die negentiger jare in die konflik tussen die Tutsi’s en Hutu’s die intelligentsia van die Hutu’s volledig uitgewis. Die voorheen hoofsaaklik Hutu studente en dosente aan die universiteit van Burundi, is vervang met net Tutsi studente en dosente. ’n Verdere komplikasie is dat mediese dokters die land verlaat vir groener weivelde, ook ’n vir ons nie onbekende verskynsel nie, of ’n praktyk in die betreklik veilige en welvarende Bujumbura begin. Die konsekwensie is dat mediese hulp op die platteland, waar dit die hardste nodig is, skaars of glad nie beskikbaar is nie

Tesame met grootskaalse volksmoorde (300 000 mense is sedert die etniese geweld in 1993 dood met meer as 1 000 000 mense verdryf na omliggende lande soos Tanzanië en die DRK) en ingewortelde wantroue heers daar groot spanning tussen Hutu’s en Tutsi’s. Pogings om vrede te bewerkstellig het tot op vandag misluk.

In die jaar 2000 het 19 politieke partye saam met die regering ’n ooreenkoms onderteken om politieke stabiliteit te bewerkstellig. Ongelukkig het die rebelle geweier om saam te speel. In November 2001 het ’n interim regering ontstaan vir ’n periode van drie jare. In die helfte van hierdie periode sou ’n Tutsi president vervang word deur ’n Hutu president. Vordering is gemaak in Desember 2002 toe een van die rebellegroepe ingestem het om ’n wapenstilstand-ooreenkoms te onderteken.

President Pierre Buyoya (’n Tutsi) is sedert November 1996 na ’n suksesvolle staatsgreep (sy tweede een, in die jare tagtig het hy ’n soortgelyke greep na die mag gedoen) aan bewind, maar daar word van hom verwag om in April/ Mei hierdie jaar die leisels oor te gee aan sy vise-president Domitien Ndayizeye (’n Hutu). Alhoewel daar verwag word dat verwisseling van die mag redelik vreedsaam sal verloop neem dit die onderlinge wantroue en vyandelikheid tussen die twee vernaamste bevolkingsgroepe nie weg nie.

’n Vredesooreenkoms tussen strydende partye is nie deur almal onderteken nie en noodsaak die aanwesigheid van ’n vredesmag waaraan Suid-Afrika met, tans, 700 soldate deelneem. Uitbreiding van die bestaande vredesmag word as noodsaaklik beskou maar personeel, wat hoofsaaklik uit Suid-Afrika, Etiopië en Kenia moet kom, is skaars en nouliks opgewasse vir hul taak.

Beëindiging van vyandelikhede neem die druk op Burundi se ekonomie nie weg nie aangesien tienduisende rebelle ontwapen moet word en ’n sinvolle plek in die samelewing moet vind. ’n Politieke kopseer wat NEPAD, die nuwe Afrika inisiatief, sinvol sal moet oplos.

VOORUITSIGTE

Ane en Jessica de Vos leef en woon in die “Golden cage”. Bujumbura is redelik veilig en die lewe in die hoofstad van Burundi is vergelykbaar met dié in Johannesburg. Die enigste verskil is dat ’n aandklok van krag is van 11uur saans tot 6 uur soggens. Buite die “goue kou” is die lewe bra gevaarlik. Dis geen uitsondering dat Ane de Vos bomme en mortier-granate sien ontplof binne ’n radius van een kilometer van sy kantoor nie. Net so min is dit ’n uitsondering dat ’n kuier met vriende onderbreek word deur geweervuur. Die gesprek staak vir ’n oomblik en gaan weer aan. Jessica kan, ook vanweë haar gesin, die “goue kou” nouliks verlaat.

Geen wonder dat Tearfund werkers gereeld hulle werk moet onderbreek vir ’n periode van ontspanning op ’n ander plek nie. As gesin is die lewe vir die familie de Vos op die duur nie houbaar nie en moet na alternatiewe gesoek word. Terug na die geordende lewe in Nederland of ’n soortgelyke maar minder gevaarlike lewe in ’n ander ontwikkelingsland? Hulle weet dat die Here hulle in hul beslissings sal lei.¤

VGKSA

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande plaaslike predikante of sendelinge in verbinding te tree:

ds C Kleijn	Fratesweg 775	Rietfontein	0084	Tel. 012 331 0931
ds P Nel	Du Plooystraat 80	Bethal	2310	Tel. 017 647 6693
ds TK Mogale		Mamelodi		Sel. 082 253 2687
ds PJ Retief (emer.)	Eendracht 29	Heidelberg		Tel. 016 342 2817
ds J van der Linden	Corneliusstr 1071	Panorama L.H.	1724	Tel. 011 679 1646
ds E Viljoen	Mauritiussingel 3	Stellenberg	7550	Tel. 021 919 9149
ds JR Visser	Dunwoodielaan 1380	Waverley	0186	Tel. 012 332 2948

Sendelinge in diens van die kerke is:

ds J Bosman	Breyerlaan 1415	Waverley	0186	Tel. 012 332 2831
ds JA Breytenbach	Blackwoodstraat 12	Bellaire, Bellville	7530	Tel. 021 919 4215
ds AJ de Visser	Dunwoodielaan 1201	Waverley	0186	Tel. 012 332 1028
ds CF Nicholson	Patoustr 33	Amanda Glen	7550	Tel. 012 975 9994

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

Prof B J (Bennie) van der Walt: **Understanding and rebuilding Africa** *(From desperation today to expectation for tomorrow)*
Regrettably there is still – in spite of modern communications – a serious lack of insight into the socio-economic-political situation of our continent. This applies to both outsiders and Africans themselves. The aim of this book is twofold: to understand Africa better and to offer some insights as to how it can be rebuilt.

As the sub-title of the book indicates it challenges Afro-pessimism and offers new hope for the future. It is a follow-up and up-date of the author's previous bestseller: 'The liberating message; a Christian worldview for Africa', published in 1994, fourth print in 2002. 553 bl, R125

AGNES AMELINK: D**e Gereformeerden**
Hierdie boek vertel die geskiedenis van die gereformeerde kultuur in Nederland: die ontstaan van die gereformeerde kerke, en die betekenis van gesin, 'scholen met de Bijbel' en die posisie van die kerk in die Tweede Wêreldoorlog. En dan natuurlik ook die negatiewe groot veranderinge van die laaste dertig jaar. 'n Boek wat as waarskuwing kan dien!
252 bl, R162

Twee nuwe deeltjies in die 'Woord en Wereld'-reeks:
SCHUTTE, G J: Er zit meer achter dan je denkt – enkele achtergronden van hedendaags politiek denken. 100 bl, R62
KAMPHUIS, J: In de voetsporen van de gereformeerde kerken in de diaspora.
As u die ander twee deeltjies van prof Kamphuis gelees het: 'In de voetsporen van de hugenoten' en 'In de voetsporen van Zwingli en Calvijn' sal u hierdie uitgawe ook graag wil lees. Dit handel onder meer oor Guido de Bres en die Nederlandse Geloofsbelydenis, en oor Nederlandse gereformeerdes in Engeland. 104 bl, R62

CD 19464: De hele schepping, Heere, zingt van Uwe Almacht". Jongerenkoor "Laudate Deum' met orgel, hobo en panfluit. Psalmen en gezangen. R115